CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Konsepstrategie oor klimaatsverandering

Opsomming vir openbare deelname

Datum: Augustus 2020

1. Doel van die strategie

Klimaatsverandering is 'n globale bedreiging en het reeds 'n aansienlike ekonomiese en maatskaplike impak in lande en stede dwarsooroor die wêreld gehad, Kaapstad ingesluit. Die Stad Kaapstad is geleë in 'n unieke omgewingkonteks wat gepaardgaan met bestaande sosio-ekonomiese uitdagings wat die stad uiters kwesbaar maak vir 'n aantal uitdagings wat met klimaatsverandering verband hou. Die klimaatsveranderinge wat Kaapstad in die gesig staar, sluit die volgende in: 'n aansienlike daling in jaarlikse reënval; verandering in die reënvalseisoen; 'n aansienlike styging in die jaarlikse gemiddelde temperatuur en styging in die maksimum temperatuur; meer uiters warm dae, en meer gereelde en intense hittegolwe; 'n toename in windsterkte; en 'n styging in die gemiddelde seevlak en 'n toename in kuserosie.

Die Stad besef dat die uitstel of versuim in die nodige optrede om aan te pas by die voorspelde impak van klimaatsverandering en om by te dra tot globale pogings om klimaatsverandering te versag 'n groter langtermynimpak asook verspeelde kanse in 'n globale groen ekonomie tot gevolg sal hê. Dit sluit onder meer voedsel-, water- en werksekuriteit in; en die risiko dat handelsvennote sanksies of belastings kan instel, of die verlies aan toegang tot internasionale markte as gevolg van die koolstofintensiteit van ons produkte en dienste.

'n Duidelike strategie oor klimaatsverandering stel die Stad in staat om op te tree om hierdie risiko's te verminder en daarop voor te berei (aanpassing). Die strategie sit ook uiteen hoe en waarom die Stad toenemende ywer in die vermindering in die vrystelling van kweekhuisgasse (GHG) nastreef met die mikpunt van koolstofneutraliteit teen 2050.

Die strategie is dus daarop gemik om:

- 'n raamwerk te voorsien vir die Stad om die wyse waarop beplan en te werk gegaan word, te transformeer en om die Stad se beleide, strategieë en planne in pas te bring met klimaatsveranderingskwessies terwyl leiding aan direktorate en departemente tydens hierdie oorgang gebied word
- toe te sien dat die bykomende voordele van aanpassing en versagting van klimaatsverandering – insluitende werkskepping, beter gesondheid, laer risiko, beter energie- en watersekuriteit, en vele ander voordele – maksimaal benut word in die implementering van die strategie
- die geïdentifiseerde impak binne die Stad se mandaat en invloedskring te hanteer en om te verseker dat die Stad in staat is om die uitdagings wat klimaatsverandering inhou, te hanteer en te verhoed dat die Stad homself tot onvolhoubare investering of ontwikkelingsbane verbind

Die strategie het verder ten doel om die Stad in staat te stel om 'n geïntegreerde benadering tot sy reaksie op klimaatsverandering in te neem en te erken dat klimaatsverandering 'n sleutelrisiko vir die ekonomie, die samelewing en die omgewing inhou. Terwyl daar verwag word dat die impak van klimaatsverandering sal toeneem, het die huidige globale gesondheidspandemie die sistemiese faktore ontbloot wat ook onderliggend aan Kaapstad se kwesbaarheid teenoor klimaatsverandering is. 'n Pro-aktiewe reaksie op klimaatsverandering is ook in pas met die globale beroep op 'n herstelstimulus gegrond op groen ekonomie wat noodsaaklik is vir ons ondernemings om te herstel en

mededingend handel te dryf. Hierdie strategie is dus 'n belangrike komponent van Kaapstad se herstel ná Covid-19.

2. Visie, beginsels en verlangde langtermynuitkomste

Visie: Om 'n stad te word wat klimaatsveerkragtig, hulpbrondoeltreffend en koolstofneutraal is om inklusiewe ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling en omgewingsvolhoubaarheid moontlik te maak.

Hierdie visie word deur die volgende agt beginsels ondersteun: veerkragtigheid, ekonomiese inklusiwiteit, ingeburgerde volhoubaarheid, koolstofneutraliteit, gesondheid en welsyn, medewerking en integrasie, stedelike ontwikkeling wat die klimaat in ag neem, en billike dienslewering.

Die strategie bevat ook nege verlangde langtermynuitkomste wat 'n meer gedetailleerde visie verskaf vir die toekoms waarin hierdie strategie oor klimaatsverandering ten volle geïmplementeer is.

3. Benadering tot implementering

Teorieë oor verandering vir aanpassing en versagting word in die strategie ingesluit om optrede en programme te rig. Dit moet egter beskou word as deel van 'n deurlopende siklus van monitering wat beplanning en implementering kan heraantoon. Die onderskeie teorieë van verandering en benaderings tot implementering sluit die volgende in:

'n Konseptuele benadering tot klimaatsaanpassing word toegepas, wat regeringsbestuur, beplanning, infrastruktuur en gedrag uitlig as die kategorieë van optrede wat nodig is om die Stad op die pad na die bereiking van klimaatsveerkragtigheid te plaas.

Beplanning vir die oorgang na koolstofneutraliteit in Kaapstad fokus op drie hoofsektore, naamlik hernubare energie; vervoer, geboue en grondgebruik; en afval en die sirkelekonomie. Optrede in samewerking met vennote sal deur middel van sewe prioriteitshefbome toegepas word wat die waardekettings in hierdie sektore sal verskuif.

4. Oorsig van strategiese fokusareas en dwarsleggende werksareas: aanpassing en versagting

Die strategie bestaan uit 10 strategiese fokusareas en vier dwarsleggende werksareas wat aanpassing en versagting hanteer. Verwante doelwitte onder elke strategiese fokusarea sal die implementering van die Stad se klimaatsveranderingsvisie en -beginsels verseker, ondersteun deur die dwarsleggende werksgebiede. Die implementeringsoptrede vir elke doelwit word in die komende Stad Kaapstad-aksieplan uiteengesit.

4.1 Strategiese fokusareas vir aanpassing

- Strategiese fokusarea 1: Hitte, hittegolwe, en uiters warm dae
- Strategiese fokusarea 2: Afname in reënval, droogte, en waterskaarste
- Strategiese fokusarea 3: Oorstroming, oorstromingsgevaar en stormskade

- Strategiese fokusarea 4: Kuserosie en styging in seevlak
- Strategiese fokusarea 5: Brande en brandgevaar

4.2 Strategiese fokusareas vir versagting

- Strategiese fokusarea 6: Skoon energie vir werkskepping en ekonomiese ontwikkeling
- Strategiese fokusarea 7: Geboue en buurte met geen koolstofvrystelling
- Strategiese fokusarea 8: Vervoer vir lewensgehalte en lewensbestaan
- Strategiese fokusarea 9: Ruimtelike en hulpbroninklusiwiteit
- Strategiese fokusarea 10: Sirkel-afvalekonomie

4.3 Dwarsleggende werksareas en doelwitte

Ten einde klimaatsverandering doeltreffend aan te pak, is verskeie dwarsleggende werksareas ook geïdentifiseer. Hierdie dwarsleggende werksareas ondersteun die implementering van die strategiese fokusareas en is nodig om te verseker dat die gepaste regeringsbestuursmaatreëls in plek is sodat die Stad Kaapstad op 'n doeltreffende en geïntegreerde wyse op klimaatsverandering kan reageer.

- Dwarsleggende werksarea 1: Plasing van klimaatsverandering in die hoofstroom
- Dwarsleggende werksarea 2: Hantering van die ekonomiese impak
- Dwarsleggende werksarea 3: Finansiering en finansiële meganismes vir die reaksie op klimaatsverandering
- Dwarsleggende werksarea 4: Kommunikasie en samewerking om die reaksie op klimaatsverandering te ondersteun

5. Afsluiting

Hierdie strategie is 'n sleutelstap in die Stad se visie om sy reaksie op klimaatsverandering op te skerp, maar 'n langtermyn- en gefaseerde benadering word vereis om hierdie visie te bereik. Die komende Stad Kaapstad-aksieplan vir klimaatsverandering, wat met die strategie saamgelees moet word, sit spesifieke implementeringsoptrede en -programme uiteen om die bedoeling van die strategie te laat realiseer. 'n Aantal uitdagings vir die implementering van hierdie strategie is ook geïdentifiseer en uiteengesit in die implementeringsoptrede wat in die komende Stad Kaapstad-aksieplan uiteengesit word. 'n Monitering-en-evalueringplan sal opgestel word om te verseker dat die Stad die implementering van hierdie strategie kan volg en gevolglik wysigings kan aanbring waar nodig.

Die Stad besef ook dat om die doeltreffendheid van hierdie strategie te verseker, die Stad in noue samewerking met burgers, besighede, nieregeringsorganisasies, akademici, ander regeringsfere, en ander vennote in Kaapstad moet werk. In baie gevalle is die doelwitte van hierdie strategie slegs gedeeltelik onder die beheer van plaaslike regering of bestaan daar regulatoriese versperrings of die behoefte aan omvattende sektorhervorming. Die Stad erken egter sy verantwoordelikheid om leierskap ten opsigte van die klimaat te toon deur visievorming, beplanning, skakeling, regulerende innovering, infrastruktuurontwikkeling en die bedryf van sy nutsdienste en interne bedrywighede.